



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PROVINSIALE EKSAMEN

NOVEMBER 2023

GRAAD 9

**EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE:
FINANSIËLE GELETTERDHEID**

VRAESTEL 1

TYD: 1 uur

PUNTE: 70

9 bladsye en 'n 7-bladsye antwoordboek

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELINGS A, B en C (Finansiële Geletterdheids-onderwerpe) en is gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk volgens die KABV dokument en JOP.

AFDELING A: KORTVRAE

VRAAG 1.1: Meervoudigekeuse-vrae	(5)
VRAAG 1.2: Pasitems	(5)
VRAAG 1.3: Kies die regte woord/term	(5)
	[15]

AFDELING B: JOERNALE EN REKENINGKUNDE VERGELYKING

VRAAG 2: Joernale	(20)
VRAAG 3: Rekeningkundige vergelykings	(10)
	[30]

AFDELING C: GROOTBOEKE EN PROEFBALANS

VRAAG 4: Algemene Grootboek	(8)
VRAAG 5: Krediteurgrootboek	(7)
VRAAG 6: Proefbalans	(10)
	[25]

2. Al die vrae is verpligtend.
3. Beantwoord al die vrae in die ANTWOORDBOEK wat verskaf word.
4. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: KORTVRAE

VRAAG 1

1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK wat voorsien is, neer. bv. 1.1.6 D.

1.1.1 Krediteurekontrole kan geklassifiseer word as 'n ...

- A uitgawe.
- B bedryfslas.
- C bedryfsbate.
- D nie-bedryfslas. (1)

1.1.2 BHS Handelaars verkoop goedere op krediet aan A. Money. A. Money staan bekend as 'n ... van die besigheid.

- A betaler
- B eienaar
- C debiteur
- D krediteur (1)

1.1.3 Die ...-rekening het normaalweg 'n debietbalans.

- A skryfbehoeft
- B kapitaal
- C kommissie-inkomste
- D krediteurekontrole (1)

1.1.4 Toerusting op krediet aangekoop, verhoog ...

- A bates.
- B laste.
- C beide bates en laste.
- D eienaarsbelang. (1)

1.1.5 'n EFO is geprossesser aan Sumsurance op 25 Oktober 2023. R3 900 was vir die betaling van die onderneming se jaarlikse versekeringspremie en R1 400 vir die eienaar se huisversekering. Watter bedrag sal aangeteken word in die KBJ as versekering?

- A R5 300
- B R3 900
- C R1 400
- D R9 200 (1)

[5]

1.2 PASITEMS

Kies 'n term in KOLOM B wat ooreenstem met 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A – F) langs die vraagnommer (1.2.1 tot 1.2.5) in jou ANTWOORDBOEK neer bv. 1.2.6 G.

KOLOM A	KOLOM B
1.2.1 'n Skuld wat betaalbaar is oor 'n tydperk van langer as 'n jaar	A Dubbel inskrywing beginsel B Toerusting
1.2.2 Verskaf 'n opsomming van die bedrag wat aan die onderneming geskuld word vir goedere wat op krediet verkoop is	C Verbandlening D Kontantontvangstejoernaal
1.2.3 'n Uitgawerekening	E Koste van verkope F Debiteurekontrole
1.2.4 Vir elke debiet moet daar 'n gelyke en ooreenstemmende krediet wees	
1.2.5 Verhoog die bankrekening	

[5]

1.3 KIES DIE KORREKTE WOORD/TERM

Kies die korrekte woord of term tussen hakies vir elk van die volgende stellings. Skryf slegs die korrekte woord/term in jou ANTWOORDBOEK neer bv. 1.3.6 bate.

- 1.3.1 Die geld wat deur die onderneming verdien word uit die verkoop van goedere aan kliënte, word aangeteken as (lopende inkomste/verkope). (1)
- 1.3.2 Die aantekening van die besonderhede van 'n spesifieke transaksie op 'n brondokument is die eerste stap in die (rekeningkundige siklus/rekeningkundige vergelyking). (1)
- 1.3.3 Die brondokument vir huur ontvang van 'n huurder is 'n (duplikaat kwitansie/kasregisterrol). (1)
- 1.3.4 EFO is die akroniem vir (Elektroniese Finansiële Oordrag/Elektroniese Fondsoordrag). (1)
- 1.3.5 (Vaste/Bedryfs)-bates word nie aangekoop met die doel om dit gou weer teen 'n wins te verkoop nie. (1)

[5]

TOTAAL AFDELING A: 15

AFDELING B: JOERNALE EN REKENINGKUNDIGE VERGELYKING

VRAAG 2: JOERNALE

D. Disney besit Disney-winkels. Die besigheid word bestuur deur D. Disney en twee werknemers wat elk 'n loon betaal word.

Disney-winkels het voorheen speelgoed slegs vir kontant gekoop en verkoop. 'n Paar maande gelede het hulle besluit om ook op krediet te koop en verkoop. Die besigheid handhaaf 'n winsopsalg van 50% op kosprys.



GEVRA:

2.1 Gebruik die inligting wat hieronder verskaf is om die transaksies vir Disney-winkels in die volgende joernale vir die maand geëindig September 2023 aan te teken:

Moenie die joernale aan die einde van die maand afsluit nie.

2.1.1 Kontantontvangstejoernaal (5)

2.1.2 Kontantbetalingsjoernaal (6)

2.1.3 Debiteurejoernaal (3)

2.1.4 Krediteurejoernaal (4)

2.2 Bespreek EEN rede hoekom die onderneming besluit het om goedere op krediet te begin verkoop. (2)

TRANSAKSIES:

September 2023

- 6 Kontantverkope vir die dag beloop R10 500.
- 8 Lewer goedere af aan M. Mouse, R1 800 soos dit verskyn op faktuurnommer 36.
- 11 Betaal Pluto R1 010 vir die herstelwerk aan die afleweringvoertuig. EFO 123 is geprosesseer.
- 14 Betaal die werkers twee weke se lone. Elke werker verdien R550 per week.
- 22 Koop die volgende op rekening van D. Duck. (Faktuurnommer 229)
Handelsvoorraad, R7 200
Skryfbehoeftes, R360
- 25 Ontvang R800 van M. Mouse as gedeeltelike betaling van sy rekening. Reik kwitansie nommer 21 uit.

- 28 Betaal D. Duck, met 'n EFO, die helfte van die bedrag verskuldig aan hom vir die aankoop van vroeër die maand

[20]**VRAAG 3: REKENINGKUNDIGE VERGELYKING**

Ontleed die volgende transaksies en toon die effek wat elkeen op die rekeningkundige vergelyking het.

Nr.	Transaksie
bv.	Betaal lone, R1 000.
3.1	Goedere met 'n kosprys van R3 000 is op krediet verkoop aan Cinderella. 'n Winsopslag van 25% is gehandhaaf.
3.2	EFO 40 is verwerk as betaling van R4 700 aan Captain Hook ter vereffening van sy rekening.

[10]**TOTAAL AFDELING B: 30**

AFDELING C: GROOTBOEKE EN PROEFBALANS

VRAAG 4: ALGEMENE GROOTBOEK

Die volgende inligting is geneem uit die boeke van VIVO Handelaars op 31 Augustus 2023.

GEVRA:

Gebruik die verskafde inligting om die volgende Algemene Grootboekrekeninge te voltooi vir die maand geëindig 31 Augustus 2023.

4.1 Handelsvoorraad

(8)

Kolomtotale vir die hulpjoernale van VIVO Handelaars op 31 Augustus 2023.

Kontantontvangstejoernaal van VIVO Handelaars – Augustus 2023 KOJ1

Bank	Verkope	Koste van verkope	Debiteure-kontrole	Diverse Rekeninge
251 600	109 800	73 200	2 800	139 000

Kontantbetalingsjoernaal van VIVO Handelaars – Augustus 2023 KBJ1

Bank	Handels-voorraad	Skryfbehoeftes	Lone	Diverse Rekeninge
117 500	?	1 500	4 000	40 500

Debiteurejoernaal van VIVO Handelaars – Augustus 2023 DJ1

Verkope	Koste van Verkope
72 000	48 000

Krediteurekontrole van VIVO Handelaars – Augustus 2023

KJ1

Bank	Handels-voorraad	Skryfbehoeftes	Toerusting	Diverse Rekeninge
82 200	51 000	1 200	30 000	

[8]

VRAAG 5: KREDITEUREGROOTBOEK

Verwys na die volgende onvolledige krediteuregrootboek en beantwoord die vrae wat volg.

Krediteuregrootboek van VW Handelaars vir die maand geëindig Oktober 2023
POLO Winkels KG1

DATUM		Besonderhede	Fol.	Debiet	Krediet	Balans
Okt 2023	1	Balans	a/b			1 240
Okt 2023	9	(A) No. 46	DJ		5 360	(B)
Okt 2023	13	(A) No. 61	DJ		(C)	
Okt 2023	25	EFO 74	KBJ	?	?	(D)

- 5.1 Verskaf die besonderhede/brondokument gemerk (A). (1)
- 5.2 Bereken die balans gemerk (B). (1)
- 5.3 Vir die transaksie gedateer die 13^{de}, het die besigheid goedere ter waarde van R3 900 gekoop en 10%-handelskorting op hierdie aankoop ontvang. Bereken die bedrag gemerk (C). (2)
- 5.4 Op die 25ste het die besigheid sy rekening ten volle vereffen. Wat is die balans gemerk (D)? (1)
- 5.5 Die krediteur stuur aan die einde van die maand 'n staat aan die besigheid wat die verskuldigde bedrag weerspieël. Verduidelik waarom dit steeds nodig is dat die onderneming hul eie rekening vir die krediteur in die krediteuregrootboek moet opstel. (2)

[7]

VRAAG 6: PROEFBALANS

Die boekhouer van Gholfwinkels is siek. T. Woods, die eienaar, het jou gevra om hom te help met die opstel van die Proefbalans vir sy besigheid vir die maand September 2023.

GEVRA:

- 6.1 Identifiseer die ontbrekende opskrif gemerk **(A)** op die antwoordblad. (1)
- 6.2 Gebruik die inligting wat hieronder verskaf word en stel die Proefbalans op vir die maand geëindig September 2023. Sommige van die inligting is reeds vir jou voltooi. (9)

INLIGTING:

Water en elektrisiteit	2 920
Telefoon	1 590
Verkope	20 500
Toerusting	15 250
Huurinkomste	2 500
Koste van verkope	16 400
Onttrekkings	8 700
Kapitaal	72 000 (sien nota hieronder)
Bank	12 480
Krediteurekontrole	4 890
Handelsvoorraad	15 550

NOTA:

Die volgende fout was nie reggestel nie.

Die eienaar het sy kapitaal in Maart met R25 000 verhoog. Dit was egter as R52 000 aangeteken.

[10]

TOTAAL AFDELING C: 25

TOTAAL: 70

EINDE